uid Afrikaanse Nasionale Posduif Organisasie

outh African National Pigeon Organisation

Tel. 012-377 2055
Faks. 012-377 1651
E-pos: willie@scriptcom.co.za

Posbus 48780
Hercules
PRETORIA
0030
7 September 2009

Die Sekretaris

**SANPO MERIETE TOEKENNINGS**

Aangeheg vind asb. een stel aansoekvorms vir elk van die volgende toekennings:

- Wedvlug Meriete Toekennings
- Administrasie Meriete Toekennings
- Skou Meriete Toekennings
- Skou Beoordelaar Toets
- Dames Meriete Toekennings
- Beste Wedvlugduif Toekennings
- Beste Junior Toekennings

Versprei afskrifte daarvan asb. aan al die klubs in u organisasie. Alle voltooide vorms moet deur u kantoor nagegaan en deur u as korrek gesertifiseer word voordat dit aan SANPO gestuur word. Aansoeke moet gestuur word aan: **Die Sekretaris, SANPO, Posbus 48780, Hercules, 0030, om my nie later as 15 Januarie 2010 te bereik nie.** A*ansoeke moet per hand aan my afgelewer word of per geregistreerde pos versend word. Geen faks aansoeke is aanvaarbaar nie.*

Stel asb. al u klubs in kennis dat aansoeke deur die regte kanale ingedien moet word.

**Aansoekers moet kennis neem dat wedvlug-, skou- en beste duif meriete, vergesel moet wees van afskrifte van uitslae om dit te bewys.** Bv. (Fotostate van oorspronklike resultate vir die jaar, jaareindpunte in Klub of Unie, is aanvaarbaar). Al die aansoeke moet nog steeds deur die onderskeie persone onderteken wees, soos aangedui op die vorms. *Aansoeke wat nie vergesel is van die regte dokumentasie nie, sal nie oorweeg word nie. Onvolledige aansoeke en ongetekende aansoeke sal ook verwerp word. Fotostate moet deur die Voorsitter, Sekretaris en lid geteken wees.*

Die uwe

Willie Venter
SANPO SEKRETARIS